



Zambiese Leraars Word Aangedryf Deur 'n PASSIE vir Verlorenes

In Zambië het meer as 120 leraars byeen gekom vir die volgende fase van hul Harvesters opleiding. Hierdie gedeelte van die opleiding fokus op die geestelike dissiplines. Hulle is ook geseën met Bybels, geskenk deur ons vennoot, Biblica, wat hulle in staat sal stel om hul eie geloof te verdiep en om meer doeltreffend dissipels te maak. Dit was merkwaardig om hulle passie en toewyding vir die groei van die Koninkryk van God te ervaar.

Leraar Moses Piri, wat meer 3.5 ure gereis het om die opleiding in Chongwe by te woon, het erken dat baie kerke in sy streek slegs op grond van byvoeging groei, en dat leraars dikwels die verantwoordelikheid om die kerk uit te brei alleen moet dra. Volgens hom lei dit tot uitbranding en moedeloosheid. Die Harvesters Model, wat geskoei is op 2 Timoteus 2:2, demonstreer aan die ander kant hoe hom 'n siklus van vermenigvuldiging te vestig. Deur hierdie model toe te pas word elke dissipel toegerus om 'n dissipel-maker te word. Hierdeur ontdek leraars soos Moses 'n volhoubare pad na Koninkryksgroei.



Vir Leraar Frank Tembo is die Groot Opdrag se oproep om dissipels te maak die dryfveer vir sy bediening. Sedert die aanvang van sy Harvesters opleiding, so min as vyf maande terug, het hy reeds drie kerke geplant en begin om die nuwe leiers, wat hy vir elk van die kerke geïdentifiseer het, op te lei. Aangevuur deur 'n diep behoefte om onbereiktes met die evangelie te bereik, het Frank onmiddellik sy streek op 'n kaart uitgemeet en gestip. "Vandaar het ek begin evangeliseer deur gebruik te maak van die proses wat julle vir ons aangeleer het," het hy gesê. "Ons moet nie net luister nie, ons moet ook doen."



Kom ons bid vir elkeen van hierdie 120 leraars wat toegewy is daaraan om die Groot Opdrag te vervul deur die boodskap van Jesus te deel, kerke te plant en ander op te lei. Met elke leier wat toegerus word en elke Bybel wat geplaas word, word die kerk in Zambië sterker. ✉



Ook in hierdie uitgawe:

- 2 Wonderbaarlike Skuiwe van God in Eurasië
- 4 Antwoord ons "Ja" op sy roeping?





Wonderbaarlike Skuiwe van God in Eurasie

In streke van Eurasie waar die Evangelie beperk is, werk God op wonderbaarlike maniere om sy Koninkryk te bou. Ten spyte van beduidende uitdagings is die deur wawyd oop, en mense reageer op die boodskap van hoop wat in Jesus gevind kan word. Die kragtige getuienisse hieronder weerspieël nie net die wonderlike krag van God nie, maar ook die groeiende behoefte aan opleiding, dissipelskap en kerkplanting.

Onverskrokke Evangelisasie en Gemeenskappe wat Verstom Staar

In een dorp, waar enige Protestantse of Evangeliese kerke totaal ontbreek, het een leraar 'n moeilike geloofstap geneem. Hy en sy lidmate het die strate ingevaar om die Evangelie te deel met mense wat dit nog nooit vantevore gehoor het nie. Hulle poging het egter gou ook onder die aandag gekom van diene wat minder ontvanklik was vir hul boodskap. Verskrik het 'n plaaslike inwoner die groep se evangelistiese aktiwiteite by die stad se owerhede gerapporteer, wat uiteindelik gelei het tot 'n polisie-ondersoek.

Die leraar is ondervra deur plaaslike amptenare, en dit wou voorkom of die uitreik dalk stopgesit kan word. Maar, na lang gesprekke met die aanklaer is 'n verstommende gevolgtrekking bereik: die leraar en sy kerk het niks gedoen wat as onwettig beskou kan word nie. Inteendeel, die aanklaer het aan 'n verbaasde gemeenskap verklaar dat Protestantse kerke toegelaat word om funksioneer en die Woord van God te verkondig.

Danksy hierdie gewaarwording het harte begin versag. Die gemeenskap het meer ontvanklik geraak vir die aanhoor en aanneem van die Evangelie. Die leraar kon selfs die Evangelie deel met die einste owerhede wat hom

ondervra het. Vandag is 'n nuwe kerk geplant in hierdie stad – 'n kragtige getuie van hoe God oënskynlike teëspoed kan omskakel in 'n geleentheid.

Twee Bejaarde Vroue en 'n Tog Deur die Sneeu


In 'n ander dorp het twee ouer vroue van 'n onbereikte mensegroep 'n merkwaardige impak gemaak. Nadat hulle Christus in hul lewens aanvaar het, is hulle belas met die wete dat hul eie mense nog nooit van Jesus gehoor het nie. Sonder enige formele opleiding, maar met harte aan die brand vir die Evangelie, het hulle begin om die Goeie Nuus met familie en vriende te deel. As gevolg hiervan is 'n kerk geplant onder hierdie onbereikte mensegroep.

Tog het hierdie twee vroue gevoel of daar meer is wat hulle kan doen. Hulle het hulle nie laat afskrik deur hul ouderdom of die uiterste weersomstandighede nie, en 'n reis van meer as 500 kilometer vër na die noorde onderneem. Hulle moes sneeu-bedekte landskappe sonder paaie oorsteek om 'n afgeleë dorpie te bereik. Dit is hier, op een van die mees geïsoleerde plekke denkbaar, waar nog 'n kerk geplant is. Hierdie vroue se storie van volharding en getrouheid wys vir ons hoe God enige iemand op enige plek kan gebruik om Sy Koninkryk uit te bou, selfs onder die mees onwaarskynlike omstandighede.

Die Wonderwerk van die Pamflette

Op dieselfde tyd het 'n ander span gelowiges die roeping ervaar om selfs nóg meer afgeleë areas te bereik. Hulle het besluit om bokse vol Johannes Evangelies per helikopter na 'n verafgeleë sneeu-omringde dorpie te neem. Tydens die vlug het die loods egter skielik van plan verander. In plaas daarvan om te land het hy die helikopter omgedraai en die bokse uit die vliegtuig gegooi.





Alhoewel die span besef het dat hul materiaal waarskynlik nooit die bestemde dorpie bereik het nie, het hulle steeds voortgegaan, vasbeslote om die Evangelie in persoon na hierdie dorpie te neem. Namate hulle hul reis voortgesit het op sneeu tuie het hulle verskeie versteekte gemeenskappe langs die pad ontdek.

Toe hulle die Goeie Nuus met hierdie gemeenskappe deel het hulle 'n onverwagte reaksie ontvang – die mense het reeds van Jesus geweet. Die gemeenskap het opgewonde vertel hoedat pamflette, vol inligting oor 'n man met die naam Jesus, op 'n onverklaarbare wyse uit die lug geval het. Hierdie mense, wat aanvanklik afgesny was die Evangelie, was nou gretig om meer te leer, en 'n nuwe kerk is sommer gou daar geplant.

Hartsverandering

Nie alle verhale begin met onmiddellike entoesiasme nie. Toe die visie en strategie van Harvesters onlangs aan die plaaslike leraars van 'n spesifieke stad voorgehou is, was een leier uitgesproke skepties daaroor. Hy het die idee dat sy land ryp was vir die Evangelie afgemaak – totdat die Here sy oë oopgemaak het.

Daardie aand het 'n vreemde vrou hierdie leraar en sy vrou voorgekeer toe hulle op pad was huis toe. Sy het gevra vir 'n aansteker vir haar sigaret. Gedring deur die Heilige Gees het die leraar haar geantwoord, "Jy het nie 'n aansteker nodig nie; jy het God nodig!" Tot sy verbasing het die vrou met trane in haar gereageer, "Jy is reg. Ek het God nodig, maar niemand het nog ooit vir my gesê hoe om Hom te vind nie."

Nadat die leraar en sy vrou die Evangelie met hierdie vrou gedeel het, het sy onmiddellik vir Christus aanvaar. Die volgende dag het die leraar teruggekeer na die vergadering met 'n hartsverandering. Hy was toegewyd om te evangeliseer, kerke te plant en nuwe gelowiges te dissipel. Vandag is 'n hy integrale deel van die beweging om die Evangelie aan hierdie stad te verkondig.

Harvesters se Werk: die behoefte en die impak


Hierdie getuienisse is maar net 'n klein blik op die wonderlike werk wat God in geslote lande doen – dit beklemtoon egter ook die dringende behoefte aan verdere ondersteuning. In streke waar gelowiges teenstand, isolasie en harde omstandighede in die gesig staar is Harvesters se opleiding onmisbaar.

Leraar Sergey, uit die noordelike deel van Rusland, getuig, "Ek prys God vir wat Hy in ons streek doen. Sommige van ons leiers het die Harvesters opleiding ondergaan en het alreeds omtrent 15 kerke in klein dorpie begin. Dankie, Harvesters, dat julle 'n passie wakker gemaak het vir evangelisasie, dissipelskap en kerkplanting in die harte van ons leraars. Ons glo dat oestyd aangebreek het vir Rusland!"

Gulya, uit die weste van Rusland, sê, "Die opleiding... het 'n groot impak gehad. Nou het kerke en evangelisasie spanne begin evangeliseer in die stede, en groot en klein dorpe. Mense aanvaar Jesus en ons sien dat 'n kerkplantingsbeweging reeds posgevat het."



Leraar Sergey



Gulya

Met die leiding van God en die voortgesette ondersteuning van Harvesters, sal die Evangelie voortgaan om die verste uithoeke van Eurasië te bereik. Dit sal hoop en transformasie bring vir almal wat dit hoor. In die woorde van Ilya, 'n lofprysingsleier en Harvesters koördineerder in die suide van Rusland: "Ons wil God op grootskaal sien beweeg!" ✉





Antwoord ons “Ja” op sy roeping?

Om 'n Christen te word vereis ongelukkig diepgaande opoffering en persoonlike risiko in sommige dele van die wêreld. In 'n land in Suidoos Asië is hierdie stelling 'n realiteit. 'n Kerkplanter hier het, tydens hulle doop, uitdagende vrae aan nuwe gelowiges gestel om te bepaal of hulle gereed is om Christus te volg. Die vrae het onder andere ingesluit:

“Is jy bereid om jou huis te verlaat en die goedkeuring van jou gesin te verloor?”

“Is jy bereid om diegene wat jou vervolg te vergewe en die liefde van Christus met hulle te deel?”

“Is jy bereid om tronk toe te gaan, of selfs te sterf, ter wille van Christus?”

In daardie land kan geloof in Christus alles kos, van werk tot verhoudings tot persoonlike veiligheid. Hierdie gelowiges se braafheid daag ons uit: kan ons 'n onverskrokke “ja” antwoord op hierdie vrae?

Sou ons ook bereid wees om alles op te offer ter wille van Sy Koninkryk? ☑



Harvesters
MINISTRIES

www.harvestersministries.com

Telefoon: **021-300-5629**

E-pos: info@harvestersministries.com

Adres: **Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park • Somerset-Wes, 7130**

HARVESTERS MINISTRIES IS 'N GEREGISTREERDE NIE-WINSGEWENDE- EN OPENBARE WELDAADSORGANISASIE ORGANISASIE (NPO EN PBO).



Dissipelmakers

Ons het 'n nuwe weergawe van ons suksesvolle Dissipelmakers-kursus bekendgestel, wat ontwerp is om kerke met dissipelskap en groei te ondersteun.

Ons loof die Here vir hierdie sukses. Na aanleiding van vyf-en-twintig jaar se ondervinding en sukses met ons evangelisasie, kerkplanting, leraar opleiding en dissipelskapstrategieë in meer as 97 lande, kom hierdie kursus terug na die basiese Bybelse beginsels.

Die fokus is op die boodskap en metodologie van Jesus om die wêreld met die evangelie te bereik.

As jy meer wil leer oor die Dissipelmakers-kursus of ons wil nooi om dit by jou kerk te kom aanbied, kontak ons vandag nog.



Help om die weg te baan sodat die wêreld Christus kan leer ken

Elke R 3 800 wat ingesamel word sal ons in staat stel om ...

- 'n leraar op te lei
- 3 kerke te plant
- 'n Bybel te voorsien
- ongeveer 300 mense te bereik en van hulle dissipels te maak.

Maak vandag 'n blywende verskil deur te gee!

Baie dankie.

Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:

Harvesters Ministries, ABSA Bank,

Rekeningnommer: 4075041297,

Takkode: 632005

Verwysing: “NE0225AFEM”+[jou naam]

Ander opsies om 'n bydrae te maak:

GEE AANLYN via ons webblad OF volg die QR kode om via Zapper of Snapscan te gee:

